GAUTENG PROVINCE
Department: Roads and Transport
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# OPENBARE KENNISGEWING

Die Lid van die Uitvoerende Raad (LUR) verantwoordelik vir paaie en vervoer in Gauteng, het beleid ingestel rakende regulering van die insleepdiensbedryf in die provinsie. Die beleid het dit ten doel om:

- die insleepdiensbedryf aan te moedig tot volgehoue en verbeterde lewering van 'n waardevolle diens wat bystand lewer aan passassiers en voertuigbestuurders rakende onklaar voertuie en voertuigongelukke;
- mededinging wat gebaseer is op deursigtige reëls wat deurlopend in die insleepdiensbedryf toegepas word, aan te moedig;
- insleepdiensvlakke te verbeter ooreenkomstig kliëntebehoeftes;
- 'n skoon omgewing en die toeganklikheid van insleepdienste in alle gebiede in Gauteng te verseker;
- die transformasie, produktiwiteit en volhoubaarheid van die insleepdiensbedryf te bevorder;
- institusionele skikkings en 'n reguleringsraamwerk daar te stel wat reageer op goeie beheer in die insleepdiensbedryf; en
- 'n veilige, bekostigbare, koste-effektiewe en doeltreffende insleepdiens te verseker.

Belangstellende persone en organisasies word genooi om voor of op 31 Oktober 2013 skriftelike kommentaar te e-pos na: tow.truck@gauteng.gov.za of faks na 086 720 3199. Die beleidsdokument is beskikbaar by Tebogo Pila: 011 355 7092 of tebogo.pila@gauteng.gov.za.